

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 230

(Geen datum)

Die Here is my koning en my God.

Bid tot jou koning en jou God.

* * * * *

"Gee ag op die stem van my hulpgeroep, my
KONING en my GOD, want tot U bid ek."

(Psalm 5:3)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die gebed van 'n dienskneg - elke oggend

Bid jy?

Bid jy gereeld, geagte leser?

Bid jy met jou hele wese tot die Here as jou God en jou Koning?

Gebed is nie 'n willekeurige saak nie, maar 'n saak van gehoorsaamheid teenoor die Here. Hy gee baie duidelik die opdrag: "Bid en vir julle sal gegee word." (Matt 7:7.)

In die brief aan die Tessalonisense word ons ook opgeroep om gedurig te bid. (1 Tess 5:17.) Dit leer ons ook by Dawid. Nie net sekere oggende nie, maar elke oggend lê hy sy gebed voor die Here. (Ps 5:4.)

Het jy ook nog hierdie vaste afspraak met die Here, elke oggend as jy opstaan? In Psalm 5 is Dawid besig om te bid. Elke woord is vir hom belangrik. Hulle word as't ware geweeg en getel. Die Here moet daarna luister.

Wanneer jy wil bid kan jy dit net doen as jy dit tot die Here rig. Dan volg dit nie net 'n ondeurdagte opstapeling van woorde nie. 'n Ydele herhaling van woorde is ook onbedagsaam.

Gebed tot die Here, is meer as net woorde. Dawid spreek dit uit in hierdie woorde: "O Here, luister na my woorde, let op my versugting. Gee ag op die stem van my hulpgeroep." (Ps 5:2, 3.)

Dawid sug en roep om hulp met 'n bepaalde stem. Sy hele wese praat saam met God in die gebed. Sy stemtoon bevestig sy diepe afhanklikheid en nederigheid voor God.

Dit is bid.

Het jy al gehoor dat 'n bedelaar met 'n gebiedende stemtoon 'n stukkie brood vra?

As ons bid, het ons geen regte van ons eie waarop ons kan staan om as't ware sekere dinge van God te eis nie. Dawid het dit besef, daarom dat ook sy stemtoon dit bevestig.

Dawid is self koning, maar selfs dit gee aan hom geen hoëre posisie voor God nie. Soos enige ander buig hy hom in sy gebed neer voor die Here wie hy aanroep as: "... my Koning en my God." (Ps 5:3.)

As aardse koning bely hy dat God die eintlike Koning is. Hiermee erken hy God se almag en Sy volle heerskappy.

Erken jy dat die Here ook God en Koning is, dat Hy in Sy almag volle heerskappy oor jou hele lewe het, selfs al bekleë jy in hierdie lewe 'n besondere posisie.

Al is jy jou eie baas en selfs die baas vir andere, is jy in die gebed net 'n dienskneg voor die Here vir wie jy ook alleen kan aanroep as: MY GOD EN MY KONING

In die gebed kan ons alleen soos bedelaars met leë hande, sonder enige regte, by God pleit om genadige hulp. Jou stemtoon en selfs jou liggaamshouding moet daarvan getuig.

In die gebed gaan dit nie om Dawid se wil nie, maar om God se wil.

Hy lê sy gebed aan God voor met afwagting. Dit is dus gebed met geloof en vertroue in God.

By God is daar verhoring en by Hom is daar hulp. Dawid kon bid met die ryke belofte van 'n ewige koningskap wat uit sy nageslag sou voortkom. Jy en ek leef reeds by die vervulling daarvan in Jesus Christus.

Glo jy in Christus? Alleen wie in Hom glo, kan en sal elke oggend met nederigheid en volle vertroue sy gebed voor die Here lê. Dit is 'n wonderlike voorreg wat jy nie mag misloop nie.

Ds. Sarel Cilliers.

God haat die sonde

Psalm 5:5-7

Is dit onregverdig om die stelling te maak: "Die wêreld is boos en vol geweld"?

Kyk maar 'n bietjie na die nuus en luister maar na die berigte op die radio, en lees maar die koerante en kyk na die foto's — en wat sien u?

- Bomontploffings
 - Moord
 - Kindermolestering
 - Verkragting
 - Roof
 - Bedrog
 - Selfmoord
 - Motorongelukke

en wat is die GEVOLGE daarvan:

- Begrafnisse
 - Verminkte mense
 - Beseerdes
 - Verarming
 - Droefheid, smart, trane
 - Tronke wat oorvol word.

Wonder u dan — waarheen gaan alles? Is u ook daaroor bekommerd? Is u dalk 'n slagoffer van die boosheid en geweld?

Dawid bid 'n gebed tot die HERE en dan sonder hy die goddeloosheid en kwaaddoeners, die onsinniges en die werkers van ongeregtigheid, die leuensprekers en die bedrog uit.

Dan sien ons dat al die boosheid en geweld al in Dawid se tyd daar was.

Maar weet u — soos in Dawid se tyd — is daar 'n God wat geen behae daarin skeep nie.

- Dit is 'n geweldige troos! God hou nie daarvan nie. God het 'n afsku daarin. Ons sien dit in die hele Bybel. God verdra nie dat al hierdie boosheid net so ongestraf bly nie. Die Koning van alle konings is die Hoë Regter, en Hy sa! Hom wreek, en Hy sal Sy oordeel daarvoor laat geld!
- Waarom gebeur dit dan? Die vraag kan u nou maklik vra: As God dan Koning is van alle konings, en as Hy geen behae daarin het nie, waarom laat Hy toe dat dit gebeur, of waarom gebeur dit dan nog? Hoekom maak God geen einde daaraan nie?

Dit is voorwaar nie 'n maklike vraag om te beantwoord nie —

Ons Here Jesus het gesê dat al hierdie boosheid en geweld sal toeneem.

Hy het ook gesê dat die verdrukking op die gelowiges nog groter en meer sai word. (Mark 13.)

So sal die gelowiges gelouter en beproef word, omdat die wêreld ons haat.

Ja my liewe vriend en vriendin, die pad van die gelowige gaan deur die

wêreld. U en ek het 'n moeilike pad om deur hierdie sondige wêreld te stap.

Maar die Here Jesus stap hierdie pad saam met u en my, tree vir tree.

- Is daar hoop?

Ja, altyd. Die sondaar, die leuenspreker, die kwaaddoener, die onsinnige, moet hulle bekeer van hierdie goddeloosheid.

Die pad is terug na Jesus toe.

Nie 'n pad van bedrog, moord en doodslag nie — nee terug na Jesus om saam met Hom die pad van Heiligheid te loop.

U en ek het 'n taak, en dit is om die leuenaars, die kwaaddoeners en ander diegene te help om terug te keer na Jesus toe.

U moet onthou: God het nie 'n behae daarin nie! Daarom moet u en ek alles in ons vermoë doen om die onreg stop te sit.

Dink aan die moordenaar wat langs Jesus aan die kruis gehang het. Vir hom was daar genade!

In sy bekering roep hy Jesus aan!

Hy vra — dink aan my Here!

Die hoop is daar vir elkeen wat hom tot God bekeer.

- En u?

Waar staan u? Is u deel van hierdie boosheid en geweld? Draai dan om en soek die pad van vrede in u bekering na Jesus.

Waar staan u? Is u 'n slagoffer van die boosheid en geweld? Help ander dan dat hulle nie slagoffers word nie, help ander na Jesus toe op die pad van sonde-bekering.

Waar staan u? Is u 'n toeskouer langs die baan wat die geweld en boosheid sien? Word wakker en word aktief om die geweld en boosheid stop te sit — en bring die vrede van Jesus in die plek daarvan!

- Onthou!

God het nie 'n behae daarin nie.

God is 'n God van liefde in Jesus Christus.

Ds. L. H. van Schaik.

Bid... in die kerk

Is dit nodig om kerk toe te gaan en dáár, saam met die gemeente, tot God te *bid*?

— Dis 'n algemene vraag, nie waar nie?

- Hoekom nie maar met gebed by die huis volstaan nie? Hoekom juis kerk toe gaan om te bid?

Onthou — die kerk word in die Bybel genoem . . .

: Liggaam van Christus óók

: Huis van God óók

: Bruid van Christus . . . en so meer!

Die kerk is gebou uit Christus se versoeningsliefde. Sy liefde wat Hom laat ly het op hierdie aarde. . .

— en laat sterf het op Golgota . . . vir jou en vir my! Uit dankbaarheid gaan ek dus kerk toe.

— want ek is deel van Sy liggaam

— ek is deel van Sy Bruid

— ek wil deel in Sy versoeningsliefde

Immers — as God die mens se sonde en skuld na reg wou oordeel . . . dan sal géén mens voor Hom kán verskyn in gebed nie — wat nog om te bid in die kerk!

Daarom lees ons in Psalm 5:8 dat Dawid sê:

- “Ek *mág* deur U groot liefde in U huis ingaan en in U heilige tempel buig ...”

— Ja . . . jy *mág* — Christus het jou met God versoen

jy *móét* — Christus het jou deel gemaak van sy liggaam

jy *wil* — omdat Christus alleen jou kan vergewe.

En so mag, moet en wil God se kind voor Hom gaan buig in gebed in Sy Huis.

— Daar waar Sy Woord verkondig word

— daar waar tot Sy eer gesing word

— daar waar met mede-gelowiges gedeel word in Gods genade! En aanbidding in die kerk is beeld van die ewige aanbidding in die Vaderhuis in die hemel ná die dood.

Só begin ons dus die ewige lewe rééds hier op aarde . . . op ons knieë . . . in Sy Kerk!

Gaan kerk toe — en ervaar die heerlike voorreg om saam met mede-gelowiges, God te aanbid!

Ds. Nico Ligthelm.

Lei my in U geregtigheid

(Psalm 5:9)

Dawid bid dat die Here hom moet lei.

Hy is soos 'n blinde wat sy pad nie self kan vind nie. Hy is afhanklik en klein — die Here moet hom lei.

Dit is nodig om voor God klein te word as ons in 'n regte verhouding met Hom wil leef.

Ek kan nie maar deur net 'n goeie besluit oor my lewe te neem, my verhouding met die Here regstel nie. Net die Here alleen kan my verhouding met Homself regstel:

- Ek kan nie die skuld vir my sondes betaal nie.
 - Jesus Christus het my sondeskuld op Hom geneem by die kruis van Golgota.
- Ek is God se vyand as ek nie volgens sy wil leef nie.
 - Terwyl ek nog Sy vyand was, het Hy my so lief gehad dat Hy Sy eie Seun nie gespaar het nie. So kom maak God met my, Sy vyand, vrede.
- My hart is verhard, ek kan nie God se boodskap van genade insien en aanvaar nie.
 - Terwyl Hy sy Evangelie laat hoor, kom verander die Heilige Gees my blindheid en hardheid om te kan verstaan en aanvaar.

So mag hierdie paar woorde moontlik u hart vir God oopmaak.

Sal u ook kans sien om verder met God saam te loop?

Onthou dat Christus u sondeskuld eens en vir altyd wil betaal. Dit gee u die ruimte om met vrymoedigheid verder saam met God te loop. Al oorval die sonde u ook verder — die prys daarvoor is ook reeds betaal. Daarom kan en wil 'n gelowige altyd weer opstaan om verder saam met God te loop.

Wie God se groot geskenk, 'n regte verhouding met Hom, ontvang het, wil ook graag in 'n regte verhouding met God bly. Daarom bid 'n gelowige: Lei my in u geregtigheid. Die geregtigheid is die pad waarlangs die Here sy kinders wil laat loop. Ons is so swak, ons is so blind, maar Hy steek Sy hand uit om ons te lei.

Hy het ons verlos om vir Homself 'n rein volk, wat ywerig is in goeie werke, te maak. (Titus 2:14.)

As u maar u hand na God wil uitsteek . . . Hy sal u lei. Hy sal die pad voor u gelyk maak, sodat u die pad van Sy geregtigheid kan stap om by die hemelse volmaaktheid te kom.

Pieter Odendaal.

Skuil by God

Jy het dit seker al gesien: 'n hen en haar kuikens in die veld op soek na kos. Skielik is die hen onrustig. Sy kloek en soek haar kuikens. En die kuikens? Hulle hardloop na die hen toe en kruip onder haar donsige vere in. Nou kan jy maar opkyk en jy sal sien: bo in die lug draai 'n valk al in die rondte.

Die oomblik as daar gevaar dreig, gaan skuil die kuikens onder die hen.

Soos die kuikens by die hen gaan skuil so moet jy in dreigende gevaar by God skuil, by Hom wegkruip.

Ek is seker dat jy daarvan bewus is dat ons in 'n gevaarlike tyd leef. Die Here waarsku ons in sy Woord: "wees nugter en waaksaam, want julle teëstander die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind." (1 Pet. 5:8.)

Wees gewaarsku: die duiwel is daarop uit om jou geestelik dood te maak.

Hou verder in gedagte dat dit die kuiken is wat nie op die hen se waarskuwingsgekloek ag slaan nie, wat die prooi van die valk word. As jy jou vir die waarskuwing van die Here doof hou, moet jy deeglik besef dat jy verseker die prooi van die duiwel gaan word! Daarom: SKUIL BY GOD!

Waarom dink jy is dit nodig om by Hom te skuil? Kyk:

- net so min as wat die kuiken die valk kan vang
- net so min as wat jy 'n brullende, aanstormende leeu met kaal hande kan pak
- net so min kan jy die duiwel se aanvalle alleen op jou eie weerstaan

Die duiwel is magtig. Teen hom het jy nie 'n *kans nie*. Kyk net watter geweldige wapens het hy tot sy beskikking:

- anti-christelike wêreldmagte
- valse profesieë — dwaalleer
- die mag van die leuen
- die mag van die wêreldmening
- die mag van versoekinge

Hy gebruik teëspoed om jou teen God in opstand te bring en voorspoed om van God te vergeet.

Daarom: skuil by God! Jy kan egter alleen by God skuil as jy naby Hom lewe. Dink weer aan die hen met haar kuikens. Die kuiken wat ver van die hen is as die valk opdaag is die een wat gevang word omdat hy nie betyds onder die hen kan inkom nie.

Wie *ver van* God af lewe word verseker deur die duiwel verskeur. Daarom: lewe naby God!

- Wees op jou knieë en bid
- Lees jou Bybel
- Hou huisgodsdienst
- Woon die eredienste by
- Bring jou deel in die gemeente waaraan jy behoort
- As jy die kerk bedank het, soek die kerk weer op!

Die wat by die Here skuil kan juig en bly wees want God omring hulle soos 'n skild. Niks kan oor hulle kom as God dit nie toelaat nie. Wat 'n heerlike troos! Die wat by die Here skuil kry die krag om in teenspoed geduldig en in voorspoed dankbaar te wees. By wie skuil jy?

Ds. C. S. Grobler.